Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 14, Nr 2, 1984. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Krygshelde/War Heroes

# Sersant Quentin George Murray Smythe – 'n Man van durf en daad.

**W. Kroukamp***

**There have been dozens of almost unbelievable acts of courage in every war. Few can excel the incredible exploit of Sergeant Q.G.M. Smythe, who single-handed, destroyed a German anti-tank gun position and captured its crew.**

'n Zoeloe-oorlogskreet weergalm oor die sanderige vlaktes van El Alamein, terwyl genl maj Dan Pienaar die Victoriakruis aan die kort, bonkige Suid-Afrikaner se bors vassteek. Skouerhoog word hy deur sy regiment, die Koninklike Natal Karabiniers, weggedra.

Die dapperheid wat sersant Quentin George Murray Smythe gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die Noord-Afrikaanse woestyn geopenbaar het, sal nooit deur sy mede-Suid-Afrikaners vergeet word nie.

Twintig jaar gelede, in 1922, het niemand enige hoop gehad dat die sesjarige Quentin Smythe weer sy normale plek in die samelewing sou inneem nie. Hulle het egter nie met sy deursettingsvermoë en durf rekening gehou nie.

Quentin Smythe is op 6 Augustus 1916 in Nottinghamweg, Natal gebore en het sy skoolloopbaan begin aan die Staatskool, Nottinghamweg. Op sesjarige ouderdom was hy in 'n ongeluk betrokke toe die perdekar, waarmee hy skool toe gery het, omgeslaan het. Dit was 'n groot skok vir klein Quentin en moes hy op sy tande byt om die trane terug te hou terwyl die dokter sy ernstige beseerde regtervoet ondersoek het.

'n Bekommerde dokter het aan sy ouers meegedeel dat sy regtervoet hom altyd probleme sou gee. Hy het getwyfel of die seun ooit aan sport sou kon deelneem.

Ses jaar later kon hy as leerling aan die Hoërskool Estcourt, nog steeds nie aktief aan sport deelneem nie. Hy was egter vasberade om dié gebrek te oorkom en met absolute deursettingsvermoë slaag hy daarin om kaptein van die skool se eerste krieketspan te word.

Sy groot ambisie was om veearts te word, maar hy was een van elf kinders en sy ouers kon nie vir sy opleiding betaal nie. Hy bring die volgende twee jaar by die Weston Plaas-Opleidingskool deur waar hy ook goed in sport presteer.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog sluit hy by die Koninklike Natal Karabiniers aan. As lid van dié Suid-Afrikaanse brigade neem hy aan die veldtog in Abessinië deel waarna hy saam met sy regiment na Noord-Afrika vertrek.

Vroeg Vrydagoggend 5 Junie 1942, bevind sers Smythe hom saam met 'n peloton, onder bevel van lt Sholto-Douglas in die Alem Hamza-gebied. Hulle kry opdrag om 'n vyandelike vesting aan te val, maar gou hierna is hulle bevelvoerder gewond. Hoewel sers Smythe self ook deur skrapnel gewond is, neem hy bevel van die peloton oor.

Sonder om ag te slaan op die bloed wat uit sy voorkop gestroom het, het hy sy troepe deurentyd aangemoedig om te storm. Ná die vesting oorrompel is, is hulle egter van alle kante deur masjiengeweervuur bestook. Sers Smythe het die gevaar besef en sy manne beveel om skuiling te soek. Hierna het hy self die stelling stormgeloop.

Hy het die stelling op 'n afstand van 15 tree met handgranate bestook en vernietig. Die oorblywendes is hierna gevange geneem.

Hoewel swak weens hewige bloedverlies, het hy volgehou met die opmars en 'n tenkafweerstelling aangeval. Hy het weer eens sy manne beveel om plat te val en het man-alleen daarin geslaag on 'n verrassingsaanval op die Duitsers uit te voer. Hulle het probeer om terug te trek, maar sers Smythe het hulle gekeer deur drie dood te skiet en twee met sy bajonet te dood. Die oorblywendes het hulself onmiddellik oorgegee.

Sodoende was hy regstreeks verantwoordelik vir die vernietiging van 'n vyandelike sterktepunt, 'n masjiengeweernes en 'n tenkafweerstelling, sowel as die gevangeneming van die oorlewende bemanning van die stelling.



*Sersant Quentin George Murray Smythe.*

Die einde was egter nog nie in sig nie, want na hy sy stelling gekonsolideer het, is opdrag gekry om terug te trek. Onder hewige geweervuur moes hy sy manne terug na die veiligheid van die Geallieerde linies lei, maar hy kom agter dat die vyand hulle probeer omsingel. Hy gee aan sy manne opdrag om voort te gaan, terwyl hy die vyand se aandag probeer aftrek.

Hoewel hy sy lewe gewaag het, slaag hy daarin om die vyand om die bos te lei. Bebloed en heeltemal onvas op sy voete, daag hy later by sy regiment op. Hy is dadelik na die hospitaal geneem waar ontdek is dat 'n bloedoortapping dringend nodig was.

Op 12 September 1942 ontvang sers Smythe tydens 'n spesiale parade by El Alamein die Victoriakruis by genl maj Dan Pienaar: 'This high honour is conferred in recognition of deeds of the highest gallantry, leadership and devotion to duty. Such was the prowess of Sgt. Smythe. His fine example not only adds honour to his good name but fills all South Africans in the Middle East with pride. South Africa will rejoice,' het die sitaat gelui.

* Mej W Kroukamp, Nas Dipl in Joernalistiek, is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

**Bibliografie**

1. Anderson, K., Heroes of South AFrica, Purnell & Sons (S.A.) Pty. Ltd., Cape Town.
2. SAW Argief, Commando, November 1963, p. 49, Wannamaker, W., The Gallantry of Sergeant Smythe.
3. Uys, S. Ian., For Valour – The History of Southern Africa's Victoria Cross Heroes, 1973.